The chairperson tabled the monthly report as circulated with the agenda and requested the Director: Financial Services, mr M A C Bolton, to point out important aspects.

The Director: Financial Services stated that the actual income is less than budgeted for, mainly due to the effect of load shedding on service charges on electricity.

The actual expenditure is less than budgeted for, mainly due to the effect of load shedding on bulk purchases.

RESOLUTION
(proposed by ald T Van Essen, seconded by ald M van Zyl)

That cognisance be taken of the monthly report of the Director Financial Services for January 2023.

10. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) CLLR I S LE MINNIE
CHAIRPERSON

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 8 MAART 2023 OM 11:15

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdl R J Jooste
Ondervoorsitter, rdh T van Essen

Bess, D G	Smit, N
Duda, A A	Stanley, B J (rdh)
Fortuin, C	Van Zyl, M (rdd)
Pieters, C	Warnick, A K

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr WJ Pienaar
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Siviele en Elektriese Dienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl E C O'Kennedy en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2023

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 8 Februarie 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JANUARIE 2023

MINUTES OF A MEETING OF THE CIVIL AND ELECTRICAL ENGINEERING SERVICES PORTFOLIO COMMITTEE OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD ON WEDNESDAY, 8 MARCH 2023 AT 11:15

PRESENT:

COUNCILLORS:

Chairperson, cllr R J Jooste
Deputy Chairperson, ald T van Essen

Bess, D G	
Duda, A A	Smit, N
Fortuin, C	Stanley, B J (ald)
Pieters, C	van Zyl, M (ald)
	Warnick, A K

The Executive Mayor, ald J H Cleophas (ex-officio)

OFFICIALS:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Senior Manager: ICT, mr WJ Pienaar
Committee Officer, ms S Willemse

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson welcomed members.

The chairperson confirmed the presence of councillors serving on the Portfolio Committee: Civil and Electrical Services.

Apologies received from cllr E C O'Kennedy and the Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller.

2. MINUTES

2.1 MINUTES OF A PORTFOLIO COMMITTEE MEETING (CIVIL AND ELECTRICAL SERVICES COMMITTEE) HELD ON 8 FEBRUARY 2023

RESOLUTION
(proposed by cllr N Smit, seconded by cllr A K Warnick)

That the minutes of a Portfolio Committee Meeting (Civil and Electrical Services) held on 8 February 2023 are approved.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None

4. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter versoek die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste om die belangrikste aspekte uit die verslag toe te lig.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gee inligting deur insake die damvlakke en watergebruik in die Swartland munisipale area en verwys na die Voëlvleidam wat tans op 42% staan.

Op navraag deur rdl A A Duda oor water-rekeninge wat so hoog is, meld die Munisipale Bestuurder dat dit belangrik is om die spesifieke rekening na die finansies departement te neem, sodat die water meter nagegaan kan word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir Januarie 2023.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

Rdl D G Bess doen navraag oor die ooreenkoms tussen die munisipaliteit en Eskom insake die instandhouding van straatligte in die Eskom voorsieningsgebiede.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die bostaande kwessie afgehandel is. Daar word reeds kapitaal spandeer op die instandhouding van straatligte.

Die Munisipale Bestuurder lewer kommentaar oor die opstel van sonpanele in die swartland munisipale area en meld dat slegs residensiële huishoudings gebruik maak van sonpanele.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Januarie 2023.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER

5. DELEGATED MATTERS

5.1. MONTHLY REPORT: JANUARY 2023

5.1.1 CIVIL ENGINEERING SERVICES

The chairperson requested the Director: Civil Engineering Services to explain the most important aspects from the report.

The Director: Civil Engineering Services gave information regarding the dam levels and water use in the Swartland municipal area and referred to the Voëlvleidam which currently stands at 42%.

On enquire by cllr A A Duda about water bills that are so high, the Municipal Manager stated that it is important to take the specific account to the finance department, so that the water meter can be checked.

RESOLVED
(proposed by ald T van Essen, seconded by cllr A K Warnick)

That cognisance be taken of the monthly report of the Directorate Civil Engineering Services for January 2023.

5.1.2 ELECTRICAL ENGINEERING SERVICES

The chairperson tabled the monthly report as circulated with the agenda.

Cllr D G Bess inquires about the agreement between the municipality and Eskom regarding the maintenance of street lights in the Eskom supply areas.

The Municipal Manager stated that the above issue has been resolved. Capital is already being spent on the maintenance of street lights.

The Municipal Manager commented on the installation of solar panels in the swartland municipal area and stated that only residential households use solar panels.

RESOLUTION
(proposed ald T van Essen, seconded by cllr A K Warnick)

That cognisance be taken of the monthly report of the Directorate: Electrical Engineering Services for January 2023.

6. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) CLLR R J JOOSTE
CHAIRPERSON

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 8 MAART 2023 OM 12:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

Booysen, A M	Ngozi, M
Daniels, C	Pypers, D C
De Beer, J M	Rangasamy, M A (rdh)
Le Minnie, I S	Smit, N

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr WJ Pienaar
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Ontwikkelingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl P E Soldaka en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-DIENSTE) GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2023

BESLUIT
(voorgestel deur rdl J M De Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 8 Februarie 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JANUARIE 2023

MINUTES OF A MEETING OF THE DEVELOPMENT SERVICES PORTFOLIO COMMITTEE OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD ON WEDNESDAY, 8 MARCH 2023 AT 12:00

PRESENT:

COUNCILLORS:
Chairperson, cllr G Vermeulen
Deputy chairperson, cllr D G Bess

Booysen, A M	Ngozi, M
Daniels, C	Pypers, D C
De Beer, J M	Rangasamy, M A (ald)
Le Minnie, I S	Smit, N

The Executive Mayor, ald J H Cleophas (ex-officio)

OFFICIALS:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Senior Manager: ICT, mr WJ Pienaar
Committee Officer, ms S Willemse

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson welcomed the members.

The chairperson confirmed the presence of councillors serving on the Portfolio Committee: Development Services.

Apologies received from cllr P E Soldaka and the Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller.

2. MINUTES

2.1 MINUTES OF A PORTFOLIO COMMITTEE MEETING (DEVELOPMENT SERVICES) HELD ON 8 FEBRUARY 2023

RESOLUTION
(proposed by cllr J M De Beer, seconded by cllr D G Bess)

That the minutes of a Portfolio Committee Meeting (Development Services) held on 8 February 2023 are approved.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None

4. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None

5. DELEGATED MATTERS

5.1 MONTHLY REPORT: JANUARY 2023

Die Voorsitter lê die maandverslag ter tafel.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bring die volgende geleenthede onder die aandag van raadslede, naamlik –

- SASSA se dienspunte vir Maart word uitgelig;
- Die program insake Geslagsgebaseerde Geweld, waar daar 'n projek in Wesbank sal plaasvind om die GBV-kwessies uit te beeld op 'n muur, deur van kuns gebruik te maak;
- Dat daar teen einde Januarie 2023 'n totaal van 340 huise in die De Hoop-behuisingprojek oorhandig is. Die res van die huise sal teen die einde van die finansiële jaar oorhandig word.

Insette en kommentaar word gelewer deur die raadslede oor die verskeie behuisingsprojekte en projekte wat aangebied word deur gemeenskapsontwikkeling.

BESLUIT
(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Januarie 2023.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van 'n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 8 Februarie 2023.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER

The chairperson tabled the monthly report.

The Director: Development Services brought the following opportunities to the attention of councillors, namely –

- SASSA's service points for March are highlighted;
- The program regarding Gender Based Violence, where there will be a project in Westbank to depict the GBV issues on a wall, using art;
- That by the end of January 2023 a total of 340 houses have been handed over in the De Hoop housing project. The rest of the houses will be handed over by the end of the financial year.

Inputs and comments were provided by the councillors on the various housing projects and projects offered by community development.

RESOLUTION
(proposed by cllr I S le Minnie, seconded by cllr C Daniels)

That cognisance be taken of the monthly report of the Directorate Development Services for January 2023.

6. REPORTING REGARDING DELEGATED DECISION MAKING BY

6.1 THE MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL

Cognisance be taken of the minutes of the Municipal Planning Tribunal held on 8 February 2023.

7. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) CLLR G VERMEULEN
CHAIRPERSON

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 8 MAART 2023 OM 12:25

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:
Voorsitter, rdd M van Zyl
Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G	Jooste, R J
Daniels, C	Le Minnie, I S
De Beer, J M	Pieters, C
Fortuin, C	Stanley, B J (rdh)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (in ex-officio hoedanigheid)

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Senior Bestuurder: IKT, mnr WJ Pienaar
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Die voorsitter bevestig die teenwoordigheid van raadslede wat dien op die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl J R Papier en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2023

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 8 Februarie 2023 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JANUARIE 2023

MINUTES OF A MEETING OF THE PROTECTION SERVICES PORTFOLIO COMMITTEE OF THE SWARTLAND MUNICIPAL COUNCIL HELD ON WEDNESDAY, 8 MARCH 2023 AT 12:25

PRESENT:

COUNCILLORS:
Chairperson, ald M van Zyl
Deputy chairperson, cllr A K Warnick

Bess, D G	Jooste, R J
Daniels, C	Le Minnie, I S
De Beer, J M	Pieters, C
Fortuin, C	Stanley, B J (ald)

The Executive Mayor, ald J H Cleophas (ex-officio)

OFFICIALS:

Municipal Manager, mr J J Scholtz
Director: Financial Services, mr M A C Bolton
Director: Protection Services, mr P A C Humphreys
Director: Corporate Services, ms M S Terblanche
Director: Development Services, ms J S Krieger
Director: Civil Engineering Services, mr L D Zikmann
Senior Manager: ICT, mr WJ Pienaar
Committee Officer, ms S Willemse

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson welcomed members.

The chairperson confirmed the presence of councillors serving on the Portfolio Committee: Protection Services.

Apologies received from cllr J R Papier and the and the Director: Electrical Engineering Services, mr T Möller.

2. MINUTES

2.1 MINUTES OF A PORTFOLIO COMMITTEE MEETING (PROTECTION SERVICES) HELD ON 8 FEBRUARY 2023

BESLUIT
(proposed by cllr A K Warnick, seconded by cllr R J Jooste)

That the minutes of a Portfolio Committee Meeting (Protection Services) held on 8 February 2023 are approved.

3. SUBMISSIONS/DEPUTATIONS/COMMUNICATIONS

None

4. MATTERS ARISING FROM THE MINUTES

None

5. DELEGATED MATTERS

5.1. MONTHLY REPORT JANUARY 2023

5.1.1 PRESTASIEVERSLAG
5.1.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
5.1.3 BRANDBESTRYDING

Die voorsitter lê die maandverslae ter tafel en gee geleentheid aan die Direkteur: Beskermingsdienste om belangrike aspekte daaruit te behandel.

Die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens van Swartland Munisipaliteit poog om 'n reeks oorwoë en komplekse kwessies wat die samelewing daagliks in die gesig staar, aan te spreek, wat padveiligheid, misdaad en ander maatskaplike probleme insluit.

Die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling het 'n mandaat deur die GOP om alle informele nedersettings te monitor binne die Swartland munisipale gebied en om grondbesetting te voorkom en te bestuur.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie afdelings in die Direktoraat Beskermingsdienste, nl. Verkeer- en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Januarie 2023.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDD M VAN ZYL
VOORSITTER

2

5.1.1 PERFORMANCE REPORT
5.1.2 TRAFFIC AND LAW ENFORCEMENT SERVICES
5.1.3 FIRE FIGHTING

The chairperson tabled the monthly and requested the Director: Protection Services, mr P A C Humphreys, to highlight important aspects therein to councillors.

The Traffic and Law Enforcement Service of Swartland Municipality aims to address a range of serious and complex issues that society faces on a daily basis, which include road safety, crime and other social problems.

The Traffic and Law Enforcement Department has a mandate from the IDP to monitor all informal settlements within the Swartland municipal area and to prevent and manage land occupation.

RESOLUTION
(proposed by cllr A K Warnick, seconded by cllr D G Bess)

That cognisance be taken of the monthly reports from the various divisions in the Directorate Protection Services, namely Traffic and Law Enforcement and Fire Fighting, for January 2023.

6. MATTERS FOR RECOMMENDATION TO THE EXECUTIVE MAYOR

None

(SGD) ALD M VAN ZYL
CHAIRPERSON

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

MINUTES OF A MEETING OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE VIRTUALLY HELD ON TUESDAY, 14 FEBRUARY 2023 AT 15:00

PRESENT

Director: Corporate Services, Ms M S Terblanche (chairperson)
Director: Financial Services, Mr M Bolton
Director: Electrical Engineering Services, Mr T Möller
Head: Demand and Acquisition, Mr L L de Wet
Director: Development Services, Ms J S Krieger
Manager: Secretariat and Records Services, Ms N Brand

1. OPENING/APOLOGIES

The chairperson opened the meeting.

RESOLVED that cognisance is taken of the sub-delegation by the Manager: Supply Chain Services to the Head: Demand and Acquisition to attend the meeting.

2. DECLARATION OF INTEREST

RESOLVED that cognisance is taken that no declaration of interests were made.

3. MINUTES

3.1 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 19 JANUARY 2023

RESOVLED

That the minutes of the Bid Adjudication Committee held on 19 January 2023 be approved.

3.2 MINUTES OF A BID ADJUDICATION COMMITTEE MEETING HELD ON 26 JANUARY 2023

RESOLVED

That the minutes of a Bid Adjudication Committee held on 26 January 2023 be approved.

3.3 MINUTES OF A BID EVALUATION COMMITTEE MEETING HELD ON 7 FEBRUARY 2023

FOR COGNISANCE

4. MATTERS FOR CONSIDERATION

4.1 TENDER T05/22/23: ESTABLISHMENT OF WATER QUALITY MONITORINGBOREHOLES FOR LANDFILL SITES IN THE SWARTLAND MUNICIPAL AREA FOR THE PERIOD ENDING 30 JUNE 2024 (8/2/2/1)

The waste licenses issued by the Department of Environmental Affairs to landfill sites require the monitoring of groundwater to ensure that landfill operations do not contaminate groundwater and negatively affect the environment. Boreholes for landfill sites needs to be constructed for the above monitoring purposes.

The tender invited consists of rates for determining the most suitable location for the drilling of groundwater monitoring boreholes at the Darling, Moorreesburg, Yzerfontein, Koringberg, Riebeek Kasteel and Highlands landfill sites. The tender is a rate based tender and allows the works to be executed within the available budget.

A total of four tenders were received of which one tender did not meet the functionality criteria. The remaining tenders were evaluated in accordance with the 80/20 preferential points system:

TENDERER	RECALCULATED TENDER AMOUNT	POINTS FOR PRICE	CONTRIBUTION LEVEL	PREFERENCE POINTS	TOTAL POINTS
Senzogystix (Pty) Ltd	R 877 731.75	80.00	1	20	100.00
GEOSS South Africa (Pty) Ltd	R 978 418.53	70.21	n/a	0	70.82
Ages Omega (Pty) Ltd	R 1 652 218.63	8.37	2	18	27.41

RECOMMENDATION (for confirmation by the Bid Adjudication Committee)

(a) That tender T05/22/23: Establishment of water quality monitoring boreholes for landfill sites in the Swartland municipal area for the period ending 30 June 2024 be awarded to Senzogystix (Pty) Ltd against their tendered rates attached as Annexure B;

(b) That it be noted that the tender allows for contract price adjustment;

(c) That the expenditure is set off against vote number 9/104-374-241 in the 2022/23 financial year.

(sgd) M S TERBLANCHE
CHAIRPERSON

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Kantoor van die Direkteur: Korporatiewe Dienste
April 2023

1/1; 1/1/3/16

WYK: Alle wyke

ITEM 8.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 26 APRIL 2023

ONDERWERP: VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITS-VOORSIENING
SUBJECT: TABLING OF DRAFT ELECTRICITY SUPPLY BY-LAW

1. **BACKGROUND**

1.1 The following draft by-law is hereby submitted in terms of Chapter 8 of the Swartland Municipality: By-Law relating to the Conduct of Meetings as promulgated in Provincial Gazette Extraordinary, 8649 of 19 August 2022:

- Swartland Municipality: Draft Electricity Supply By-law

1.2 The draft by-law seeks to amend and repeal the existing Swartland Municipality Electricity Supply By-law as published in Provincial Gazette Extraordinary 7285 of 11 July 2014, as more fully explained in paragraph 3 below.

2. **LEGISLATION**

2.1 Constitutional mandate

The Municipality, in terms of section 156(1)(a), read with Part B of Schedule 4 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, has executive authority in respect of, and has the right to administer matters pertaining to electricity and gas reticulation in its area of jurisdiction.

2.2 Legislation regulating the making of by-laws by municipalities

2.2.1 **National legislation**

(1) The Constitution, Municipal Structures Act and Municipal Systems Act set the framework in terms of which a municipal council must pass by-laws.

(2) The Constitution sets two basic requirements for municipal law-making:
- First, a by-law must have the support of the majority of all the councillors;
- Second, the community must have enjoyed the opportunity to have its say with regard to that by-law.

2.2.2 **Municipal legislation**

(1) The legislative process for the introduction and adoption of by-laws are regulated by sections 56 to 60 of the Municipality's By-Law relating to the Conduct of Meetings.

(2) Section 57(3)(a) determines that the Municipal Manager must submit a report on the draft by-law to the Executive Mayor for a report and recommendation to the Council as contemplated in section 30(5) of the Structures Act. In terms of subsection 3(b) the Executive Mayor must within three months of receipt of a draft by-law from the Municipal Manager, consider the draft by-law and decide to either support it with or without amendments, or not support it.

(3) In terms of section 57(4), after the Executive Mayor has made a decision as contemplated in subsection (3)(b), the Executive Mayor must submit a report to the Council which sets out the following:

2.2.2/...

(a) an executive summary of the draft by-law;
(b) a memorandum on the objects of the draft by-law;
(c) the contents of the draft by-law;
(d) other by-laws that will have to be repealed or amended if the draft by-law is adopted;
(e) the reasons why the draft by-law is supported with or without amendments or not supported, as the case may be;
(f) any relevant comments or proposals, which may include proposals for amendments; and
(g) a recommendation or recommendations.

(4) After considering the report contemplated in subsection (4), the Council must decide to either reject the draft by-law or to approve it with or without amendments.
If the Council rejects the draft by-law, a by-law of the same substance may not be introduced until a period of six months from the date of rejection has lapsed, unless the Council directs otherwise. [subsection 5(b)]

(5) If the Council approved the draft by-law, the draft by-law must be published for public comment in accordance with section 59, i.e. for a period of at least 30 working days from the date of publication, uless the Council has approved a shorter period.

2.3 The making of a by-law entails the following steps:

		Proposed timeframes
Step 1	A draft by-law is prepared by a councillor or a committee of the council and must be introduced in the council.	Executive Mayoral Committee Meeting of 19 April 2023, to be introduced in Council on 26 April 2023.
Step 2	The council must consult with the community with regard to the draft by-law. It must at least publish the by-law for comment by the public. Note: the municipality may use the ward committees to discuss the merits of a draft by-law.	Placement of media advertisement on 2 May 2023. Period of comment (30 working days) until 26 June 2023.
Step 3	The by-law is introduced in and debated by the council. Before passing a by-law, a council that has an executive committee or executive mayor, must first require that committee or mayor to give a report and recommendation on the by-law.	To be tabled in Council on 27 July 2023, via the Executive Mayoral Committee (meeting on 19 July 2023).
Step 4	The Municipal council votes on the by-law, which – in terms of the Constitution – is to be carried by the majority of all councillors.	Council meeting 27 July 2023
Step 5	If passed by council, the by-law is published in the Provincial Gazette and becomes law on that date or a later date set in the by-law.	By ……………………………

3. COMPLIANCE WITH BY-LAW RELATING TO THE CONDUCT OF MEETINGS

3.1 <u>Draft Electricity Supply By-law</u>

(1) <u>Executive summary of the by-law</u>
The existing by-law has been amended to include provisions regarding the following:

The amended by-law seeks

- to administer and regulate the reticulation of electricity within the Swartland Municipality's area of jurisdiction, as per the Municipality's constitutional mandate as addressed elsewhere;
- to regulate the connection of embedded generation systems to the municipal distribution system and enforce the licensing or registration of any and all embedded generation systems within the municipal boundary in accordance with the requirements of the Electricity Regulation Act, Act 4 of 2006 (ERA);
- to regulate the wheeling of the electricity generated by an embedded generation system within the municipal electrical grid;
- to establish principles for the resale of electricity in line with the provisions of the ERA;
- to regulate the obligation of the Municipality to ensure standby supply of electricity in the event that the embedded generation system is unable to supply electricity to the customer;

- to regulate the metering of the embedded generation system connected to the municipal distribution system;
- to empower the Municipality to determine and publish norms, standards and guidelines relevant to embedded generation within the municipal boundaries;
- to also permit the Municipality to disconnect the embedded generation system to the extent that the customer has not complied with the by-law and/or conditions of connection (either before or after their electricity meter).

(2) The objects of the by-law
The by-law gives effect to the Municipality's mandate as explained in paragraph 2.1 above.

(3) The contents of the draft by-law – *refer **Annexure A***

(4) Any other by-law that must be repealed or amended if the draft is adopted
Upon publication in the Provincial Gazette, the existing Swartland Municipality: Electricity Supply By-law, as promulgated in Provincial Gazette Extraordinary 7285 of 11 July 2014 will be repealed and replaced with the new by-law.

(5) The reasons why the draft by-law is supported with or without amendments or not supported, as the case may be

Reasons for support: The electricity crisis in the country has led to the Amendment of Schedule 2 of the Electricity Regulation Act (ERA Act 4 of 2006). According to this amendment only electricity generators > 100 MVA needs to be licensed by NERSA. This has opened the opportunity for generators < 100 MVA to sell energy to any Off-Taker in the Republic of South Africa. To regulate the connection of embedded generators to the Municipal Grid the amendment of the Existing Electricity Supply By-law promulgated in 2014 is recommended. This will enable the municipality to control the orderly connection of these generators to the municipal grid, to ensure the quality of the energy waveform injected to the grid and the safety of our employees. A separate Policy and Technical Requirements will be developed to deal with the technical details as and when required.

(6) Any relevant comments or proposals
None

(7) Recommendation: - *refer paragraph 4 below*

4. **RECOMMENDATION** (considered by the Executive Mayoral Committee on 19 April 2023)

(a) That approval be granted for the following draft by-law to be submitted in Council on 26 April 2023 for adoption in principle:
- Swartland Municipality: Electricity Supply By-law

(b) That, following on in principle approval by the Council, the draft by-law be published for public comment in terms of section 12(3)(b) of the Systems Act, 2000 in both the local media and on the municipal website.

AANBEVELING (oorweeg tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 19 April 2023)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 April 2023 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding in beginsel:
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

(get) M S Terblanche

MUNISIPALE BESTUURDER

Mst/raadsitems,SM5/April 2023/Voorlegging van konsepverordening insake elektrisiteitsvoorsiening

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
KONSEPVERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Kragtens die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, bepaal die Swartland Munisipaliteit hiermee soos volg: —

Inhoud

1. Woordomskrywing

In hierdie verordening, geniet die Engelse teks voorrang in die geval van ŉ teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende woorde die volgende betekenisse:

"bewys" die noodsaaklike element van ŉ voorafbetaalde meterstelsel wat gebruik word om inligting oor te dra van ŉ verkooppunt vir elektrisiteitkrediet na ŉ voorafbetaalde meter en *vice versa*;

"bystandstoevoer" ŉ alternatiewe toevoer van elektrisiteit wat nie gewoonlik deur die verbruiker verbruik word nie;

"die Wet" enige toepaslike wet, proklamasie, ordonnansie, wet van die Parlement of wetsbepaling wat regskrag het;

“diensaansluiting” al die kabels en toerusting wat nodig is om die hoofleiding by die verbruiker se elektriese installasie aan te sluit by die voorsieningspunt;

“diensbeveiligingstoestel” enige sekering of stroombreker wat geïnstalleer word met die doel om die munisipaliteit se toerusting te beskerm teen oorbelasting of foute wat op die installasie of op die interne diensaansluiting voorkom;

“eienaar” met betrekking tot ŉ perseel, die persoon by wie die regstitel daarvan berus; met dien verstande dat –

(a) in die geval van onroerende eiendom –
   - (i) wat vir ŉ tydperk van minstens 50 jaar verhuur word, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan, of
   - (ii) wat voordelig geokkupeer word kragtens ŉ serwituut of reg analoog daarmee, die okkupeerder daarvan;

(b) indien die eienaar soos hierbo omskryf —
   - (i) dood of insolvent is, sy of haar boedel tot voordeel van sy of haar skuldeisers afgestaan het, ingevolge ŉ hofbevel onder kuratele geplaas is, of ŉ maatskappy is wat gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon by wie die administrasie van sodanige eiendom berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval, of
   - (ii) nie in die Republiek van Suid-Afrika aanwesig is nie, of indien sy of haar adres aan die munisipaliteit onbekend is, iemand wat as agent of andersins die huurgeld ten opsigte van sodanige eiendom ontvang of geregtig is om dit te ontvang, en
   - (iii) indien die munisipaliteit nie kan vasstel wie sodanige persoon is nie, word die persoon wat geregtig is op die voordelige gebruik van sodanige eiendom geag die eienaar daarvan te wees met die uitsluiting van die persoon by wie die regstitel daarvan berus;

“elektriese installasie” ŉ elektriese installasie soos omskryf in die Regulasies;

“elektriese kontrakteur” ŉ elektriese kontrakteur soos omskryf in die Regulasies;

“geakkrediteerde persoon” ŉ persoon wat ingevolge die Regulasies na gelang van die geval as ŉ elektriese toetser vir enkelfase, ŉ installasie-elektrisiën of ŉ meesterinstallasie-elektrisiën, geregistreer is;

“geïntegreerde opwekkingstelsels” beteken elektriese kragopwekkingseenhede wat direk aan die distribusiestelsel of aan die klant se kant van die meter aan die distribusiestelsel gekoppel is;

“hoogspanning” die stel nominale spanningsvlakke wat in kragstelsels vir grootmaattransmissie van elektrisiteit in die omgewing van 44 kV < Un < 220 kV gebruik word.[SANS 1019];

“hoofleiding” enige deel van die munisipaliteit se elektrisiteitsnetwerk;

“voorafbetaalde meter” ŉ vooruitbetaalmeter wat geprogrammeer kan word om die vloei van hoeveelhede vooruitbetaalde energie in ŉ elektriese stroomkring toe te laat;

“kredietmeter” ŉ meter waar ŉ rekening uitgereik word nadat elektrisiteit verbruik is;

“laagspanning” die stel nominale spanningsvlakke wat gebruik word vir die verspreiding van elektrisiteit en waarvan die boonste perk oor die algemeen aanvaar word as ŉ ws-spanning van 1000 V (of ŉ gs-spanning van 1500 V).[SANS 1019];

“medium spanning” die stel nominale spanningsvlakke bo laagspanning en benede hoogspanning in die omgewing van 1 kV < Un < 44 kV [SANS 1019];

“meetpunt” die punt waar die verbruiker se elektrisiteitsverbruik gemeet word en wat by die voorsieningspunt of by enige ander punt op die verspreidingstelsel van die munisipaliteit of die elektriese installasie van die verbruiker kan wees soos deur die munisipaliteit of enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit aangedui met dien verstande dat dit alles, en slegs, die verbruiker se verbruik van elektrisiteit meet;

“meter” ’n toestel wat die aanvraag of die elektriese energie wat verbruik word, aandui en dit behels ook konvensionele meters en voorafbetaalde meters;
“motoraansitstroom” met betrekking tot wisselstroommotore, die gemiddelde vierkantwortelwaarde van die simmetriese stroom wat deur ’n motor verbruik word wanneer dit aangedryf word volgens die geraamde spanning daarvan met die aansitter in aansitposisie en die rotor gesluit;
“motorlas totaal aangeskakel” die somtotaal van die kW-vermoë van al die afsonderlike motore wat by ’n installasie aangesluit is;
“motorvermoë” die maksimum aanhoudende kW-lewering van ’n motor soos vermeld op die vervaardiger se kenplaatjie;
“munisipaliteit” beteken die Swartland Munisipaliteit, ingestel kragtens artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, en sluit in enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, behoorlik gemagtigde agent of enige amptenaar wat ingevolge hierdie verordening handel kragtens ’n bevoegdheid van die munisipaliteit wat gedelegeer is of gesubdelegeer is aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid, agent of amptenaar;
“nakomingsertifikaat” ’n sertifikaat wat ingevolge die Regulasies ten opsigte van ’n elektriese installasie of gedeelte van ’n elektriese installasie deur ’n geakkrediteerde persoon uitgereik word;
“okkupeerder” met betrekking tot ’n perseel –

(a) iemand wat sodanige perseel werklik okkupeer;
(b) iemand wat wetlik daarop geregtig is om sodanige perseel te okkupeer;
(c) in geval van sodanige perseel wat onderverdeel is en wat aan loseerders of verskillende huurders verhuur word, die persoon wat die huurgeld ontvang wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, hetsy vir sy of haar eie rekening of as agent vir iemand wat daarop geregtig is of belang daarby het, of
(d) iemand wat by die beheer of bestuur van sodanige perseel betrokke is, en behels ook die agent van sodanige persoon wanneer hy of sy nie in die Republiek aanwesig is, of as sy of haar verblyfplek onbekend is;

“perseel” enige grond of enige struktuur bo of benede grondvlak en behels ook enige voertuig, vliegtuig of vaartuig;
“Regulasies” die Regulasies opgestel ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), soos gewysig;
“spanning” die gemiddelde vierkantswortelwaarde van elektriese potensiaal tussen twee geleiers;
“tarief” die munisipaliteit se tarief gehef vir die voorsiening van elektrisiteit;
“toepaslike standaardspesifikasie”
SANS 1019 Standaardspanning, - stroombane en isolasievlakke vir die toevoer van elektrisiteit,
SABS 1607 Elektromeganiese watt-uurmeters,
SABS 1524 Dele 0,1 & 2 – Voorafbetaalde meterstelsels,
SABS IEC 60211 Maksimumaanvraagaanwysers, Klas 1.0,
SABS IEC 60521 Wisselstroom-elektromeganiese-watt-uurmeter (Klasse 0,5,1 & 2),
SANS 10142-1 Gebruikskode vir die bedrading van persele,
NRS 047 Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van diens,
NRS 048 Nasionale gerasionaliseerde spesifikasie vir elektrisiteitsvoorsiening – gehalte van voorsiening, ~~en~~
NRS 057 Suid Afrikaanse Nasionale Standaard Kode vir elektrisiteitsmetering, en
NRS 097 Verbinding van Geïntegreerde kragopwekkers aan die kragnetwerk;
“tolkragverspreiding van elektrisiteit” (‘wheeling’) beteken die oordrag of ‘verspreiding’ van elektriese krag deur transmissielyne van waar dit opgewek word, tot waar dit verbruik word deur gebruik te maak van ‘n derde party se kragnetwerk;

“veiligheidstandaard” die Gebruikskode vir die Bedrading van Persele SANS 10142-1 geïnkorporeer in die Regulasies;

“verbruiker”, met betrekking tot ’n perseel —

(a) enige okkupeerder daarvan of enige ander persoon met wie die munisipaliteit ooreengekom het om elektrisiteit daar te voorsien of dit inderdaad daar voorsien; of

(b) indien sodanige perseel nie bewoon word nie, iemand wat ’n geldige bestaande ooreenkoms met die munisipaliteit het vir die voorsiening van elektrisiteit aan sodanige perseel, of

(c) indien daar geen sodanige persoon of okkupeerder is nie, die eienaar van die perseel;

“verbruikspunt” ’n verbruikspunt soos omskryf in die Regulasies;

“voorsieningspunt” die punt soos bepaal deur die munisipaliteit of enige ander behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit vanwaar elektrisiteit aan enige perseel deur die munisipaliteit voorsien word; en

“WER” beteken die Wet op Elektrisiteitsregulering, nommer 4 van 2006.

HOOFSTUK 1
ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

2. Voorsiening van elektrisiteitsdienste

~~Slegs die munisipaliteit mag elektrisiteit voorsien of ’n ooreenkoms aangaan om elektrisiteit binne sy regsgebied te voorsien ingevolge die NERSA verspreidingslisensie gebiede met insluiting van die goedgekeurde stedelike randgebiede van dorpe wat ingesluit is in die verspreidingslisensie.~~

(1) Onderhewig aan die onderstaande subartikel 2, mag slegs die munisipaliteit grootmaat elektrisiteit binne sy jurisdiksiegebied voorsien of vir die voorsiening daarvan kontrakteer.

(2) Die munisipaliteit kan die grootmaat of ~~kleinhandel~~ tolkrag verspreiding van elektrisiteit deur ’n ander elektrisiteitsvoorsiener, wat gelisensieer of geregistreer is om elektrisiteit kragtens die WER te voorsien, via die munisipale kragnetwerk toelaat.

(3) Die munisipaliteit kan die aansluiting van ’n geïntegreerde opwekkingstelsel by die munisipale kragnetwerk in ooreenstemming met die vereistes van hierdie verordening en onderhewig aan die volgende toelaat:

(a) nakoming van die betrokke vereistes van die munisipaliteit wat met die opwekking van elektrisiteit en die veiligheid daarvan verband hou, soos vervat in enige riglyn of beleid wat ten opsigte daarvan deur die munisipaliteit uitgereik is; en

(b) registrasie by die munisipaliteit van alle vaste elektriese installasies waar elektrisiteit opgewek word en nakoming van die munisipaliteit se veiligheids- en gehaltevereistes soos vervat in enige riglyn of beleid wat ten opsigte daarvan deur die munisipaliteit uitgereik is.

3. Elektrisiteitsvoorsiening

Niemand mag gebruik maak van ’n toevoer van elektrisiteit van die munisipaliteit sonder goedkeuring van die munisipaliteit nie.

4. Aansluiting van elektriese opwekkingstoerusting

(1) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, direk of indirek, enige elektriese installasie of gedeelte daarvan by die munisipale hoofleiding of diensaansluiting aansluit, probeer aansluit, of veroorsaak of toelaat dat dit aangesluit word nie.

(2) Geen plaasvervangende elektriese opwekkingstoerusting wat vir eie bedryfsvereistes of die opwekking van elektrisiteit deur ’n klant verskaf word, mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die munisipaliteit by enige installasies aangesluit word nie.

(3) Die aansoek om sodanige toestemming ingevolge bostaande subartikels (1) en (2) moet op skrif gestel word en moet die volledige spesifikasies van die elektriese opwekkingstoerusting en ŉ bedradingsdiagram, soos verder uiteengesit in enige riglyn of beleid wat ten opsigte daarvan deur die munisipaliteit uitgereik is, insluit.
(4) Die elektriese opwekkingstoerusting moet só ontwerp en geïnstalleer word dat die munisipale hoofleiding glad nie deur middel van terugvoer uit sodanige elektriese opwekkingstoerusting bekrag kan word as die munisipale toevoer ontkrag is nie.
(5) Die klant sal daarvoor verantwoordelik wees om al sodanige beskermingstoerusting te verskaf en te installeer en om ŉ nakomingsertifikaat ingevolge die regulasies wat spruit uit die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), te bekom.
(6) Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige werk wat deur ŉ elektriese kontrakteur/geregistreerde persoon op ŉ klant se perseel gedoen word nie en sal geensins aanspreeklik wees vir enige verlies of skade veroorsaak deur ŉ brand of enige ongeluk wat spruit uit die toestand van die bedrading op die perseel of die aansluiting van die elektriese opwekkingstoerusting nie.
(7) Waar toestemming ontvang word om die klant se plaasvervangende elektriese opwekkingstoerusting elektries aan te sluit by en parallel te loop met die munisipale hoofleiding, sal die klant verantwoordelik wees vir die voorsiening, installering en instandhouding van al die nodige sinchroniserende en beskermende toerusting, tot bevrediging van die munisipaliteit.
(8) Voordat enige wysiging van of byvoeging tot enige geïnstalleerde elektriese opwekkingstoerusting, wat ŉ toename in elektrisiteitstoevoerkapasiteit, of ŉ wysiging van die diens vereis, binne die toevoergebied gedoen word, moet die klant in ooreenstemming met die regulasies wat spruit uit die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), kennis van voorneme gee.
(9) Enige elektriese opwekkingstoerusting wat aan die hoofleiding gekoppel is, of moet word, en enige wysigings daarvan of byvoegings daartoe, soos van tyd tot tyd nodig mag wees, sal verskaf en opgerig en in stand gehou en in ŉ goeie werkende toestand gehou word deur die klant, op eie rekening en in ooreenstemming met die verordening en die regulasies wat spruit uit die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993).

5. Tolkragverspreiding van elektrisiteit (‘Wheeling’)

Niemand mag elektrisiteit deur middel van ŉ vaste elektriese installasie opwek en in die munisipale elektrisiteitsdistribusienetwerk invoer en krag aan ‘n ander verbruiker van die munisipaliteit voorsien nie, tensy ŉ ooreenkoms met die munisipaliteit gesluit is en sodanige ooreenkoms, saam met die bepalings van hierdie verordening, asook enige ander wetgewing wat die lisensiëring van generators beheer, sal sodanige opwekking van elektrisiteit rig.

46. Betekening van kennisgewing

(1) Enige kennisgewing of ander dokument word geag beteken te wees wanneer dit—
- (a) persoonlik by daardie persoon afgelewer is;
- (b) by daardie persoon se woonplek of sakeonderneming in die Republiek gelaat is by ŉ persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar is;
- (c) per geregistreerde of gesertifiseerde pos na daardie persoon se laaste bekende woonadres of sakeadres in die Republiek gepos is en ŉ erkenning dat dit gepos is van die posdiens verkry is;
- (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken word op ŉ manier bepaal in paragrawe (a), (b) of (c); of

(e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek gepos is op die eiendom of perseel waarmee dit verband hou.

(2) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument gemagtig of beteken word op die eienaar, okkupeerder of houer van enige eiendom of regte in enige eiendom, is dit voldoende indien daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, okkupeerder of houer van die eiendom of betrokke reg, en is dit nie nodig om daardie persoon se naam te verstrek nie.

(3) Enige regsproses is doeltreffend en voldoende aan die munisipaliteit beteken as dit by die munisipale bestuurder se kantoor afgelewer word of by 'n persoon wat by die munisipale bestuurder se kantoor beskikbaar is.

~~5~~7. Nakoming van kennisgewings

Iemand aan wie 'n kennisgewing wat behoorlik uitgereik of gegee is ingevolge hierdie verordening, moet die bepalings daarvan binne die tydperk wat daarin vermeld word, nakom.

~~6~~8. Aansoek om voorsiening van elektrisiteit

(1) Aansoek om die voorsiening van elektrisiteit moet skriftelik deur die voornemende verbruiker op die voorgeskrewe vorm verkrygbaar by die kantoor van die munisipaliteit gedoen word en die installasie se geraamde las in kVA moet op die aansoek vermeld word. Die aansoek moet gerig word so gou as moontlik voor die toevoer verlang word ten einde die werk van die munisipaliteit te vergemaklik.

(2) 'n Aansoek om voorsiening van elektrisiteit vir 'n tydperk van minder as een jaar word beskou as 'n aansoek om 'n tydelike voorsiening van elektrisiteit en word oorweeg na goeddunke van die munisipaliteit wat enige spesiale voorwaardes mag stel.

~~7~~9. Verwerking van aansoeke om voorsiening

Aansoeke om die voorsiening van elektrisiteit moet verwerk en die toevoer beskikbaar gestel word binne die tydperke volgens NRS 047.

~~8~~10. Deurgangsregte

(1) Die munisipaliteit kan weier om 'n diensaansluiting bo of onder die grond op te rig of te lê op enige deurgang wat nie onder beheer van die munisipaliteit is nie of op enige private eiendom, tensy die voornemende verbruiker skriftelike toestemming verkry het van die eienaar van die genoemde private eiendom.

(2) Indien sodanige toestemming op enige tydstip teruggetrek word of as die private eiendom of deurgang van eienaar verwissel en die nuwe eienaar weier om sodanige toestemming te verleen of te laat voortduur, moet die koste van enige verandering wat aan die diensaansluiting aangebring moet word ten einde die toevoer van elektrisiteit in stand te hou of te verwyder, deur die verbruiker van die perseel waarna die toevoer voortgesit word, gedra word.

(3) 'n Deurgangsreg verleen ingevolge subartikel (1) is bindend op die eienaar van eiendom wie die reg verleen het sowel as sy titelopvolgers vir solank as wat die elektrisiteitsaansluiting gebruik word en mag nie sonder die toestemming van die munisipaliteit gekanselleer word nie.

~~9~~11. Statutêre serwituut

(1) Onderworpe aan die bepalings van subartikel (3) mag die munisipaliteit binne sy munisipale gebied:

(a) elektrisiteitsdienste voorsien, vestig en in stand hou;

(b) hoofleiding vir elektrisiteit verkry, oprig, lê, verleng, vergroot, omlei, in stand hou, herstel, die verbruik beëindig, sluit en vernietig;

(c) enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom en die eienaarskap van enige sodanige hoofleiding bly by die munisipaliteit.;

(d) enigiets anders doen wat nodig of wenslik is vir, of bykomstig of aanvullend tot of ondergeskik aan enige saak soos bedoel in subparagrawe (a) tot (c).

(2) Indien die munisipaliteit enige hoofleiding vir elektrisiteit aanlê, oprig of lê op, oor, deur, bo of onder enige straat of onroerende eiendom wat nie aan die munisipaliteit behoort of nie deur die munisipaliteit beheer of bestuur word nie, moet die munisipaliteit die eienaar volgens ooreenkoms vergoed of, by afwesigheid van ŉ ooreenkoms, soos óf deur arbitrasie óf deur ŉ geregshof bepaal.

(3) Die munisipaliteit moet, voordat dit begin met enige werk behalwe herstelwerk of instandhouding aan of in verband met enige toevoer van elektrisiteit, redelike kennis gee aan die eienaar of okkupeerder van die eiendom van die voorgestelde werk en die datum waarop die munisipaliteit beoog om met sodanige werk te begin.

~~10~~12. Reg van toegang om inspeksie te doen, te toets of instandhoudingswerk te doen

(1) Die munisipaliteit het toegang tot en oor enige eiendom ten einde:

(a) enigiets te doen wat ingevolge hierdie verordening of enige ander wet vereis word;

(b) enige dienshoofleiding en enigiets wat daarmee verband hou te inspekteer en te ondersoek;

(c) ondersoek te doen met betrekking tot enige moontlike bron van toevoer van elektrisiteit of die geskiktheid van onroerende eiendom vir enige skema of onderneming van die munisipaliteit;

(d) vasstel of daar enige oortreding van die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet is of was; en

(e) nakoming van die bepalings van hierdie verordening of enige ander wet af te dwing.

(2) Die munisipaliteit moet vergoeding betaal soos ooreengekom aan iemand wat skade gely het as gevolg van die uitoefening van die reg van toegang ingevolge subartikel (1);

(3) Subartikel (2) is nie van toepassing waar die munisipaliteit gemagtig is om op die betrokke eiendom werk te verrig op die koste van sodanige persoon of enige ander persoon nie.

(4) In die afwesigheid van enige ooreenkoms mag vergoeding bepaal word deur arbitrasie of ŉ bevoegde hof.

(5) ŉ Werknemer van die munisipaliteit mag deur skriftelike kennisgewing van die eienaar of okkupeerder van enige eiendom vereis om toegang te verleen tot sodanige eiendom vir doeleindes van subartikel (1).

(6) In ŉ noodtoestand mag die munisipaliteit sonder kennisgewing enige perseel of eiendom betree en kan enige stappe neem wat nodig is om lewe of eiendom te beskerm.

(7) ŉ Persoon wat die munisipaliteit verteenwoordig moet op aanvraag sy identiteit toon.

~~11~~13. Weiering of versuim om inligting te verstrek

Niemand mag weier of versuim om inligting te verstrek wat ŉ gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit redelikerwys van hom of haar verlang nie, of vals inligting verstrek insake enige installasiewerk wat voltooi is of beoog word nie.

~~12~~14. Weiering van toegang

Niemand mag enige gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge hierdie verordening opsetlik hinder, belemmer of toegang weier nie.

~~13~~15. Onbehoorlike verbruik

(1) As die munisipaliteit redelike gronde het om te glo dat ʼn verbruiker elektrisiteit vir enige doel of op enige wyse gebruik wat op ʼn onbehoorlike en onveilige wyse inmeng of daarop bereken is om op ʼn onbehoorlike en onveilige wyse in te meng met die doeltreffende voorsiening van elektrisiteit aan enige verbruiker, kan die munisipaliteit met of sonder kennisgewing sodanige toevoer afsluit, maar sodanige toevoer moet herstel word sodra die oorsaak van die afsluiting permanent reggestel of verwyder is.

(2) Die verbruiker moet die tarief betaal soos deur die munisipaliteit voorgeskryf vir die afsluiting en aansluiting voor die toevoer van elektrisiteit herstel word, tensy dit bewys kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op ʼn onbehoorlike of onveilige wyse verbruik of hanteer het nie.

~~14~~16. Elektrisiteitstariewe

Afskrifte van tariewe is gratis by die munisipaliteit se kantore verkrygbaar.

~~15~~17. Deposito's

Die munisipaliteit behou die reg voor om te vereis dat die verbruiker ʼn deposito betaal as sekuriteit vir die betaling van enige tarief wat aan die munisipaliteit betaalbaar is.

~~16~~18. Betaling van tariewe

(1) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle tariewe soos bepaal ingevolge die munisipaliteit se Tariefbeleid vir elektrisiteitsvoorsiening en sluit in enige ander elektrisiteitsdienste deur die munisipaliteit voorsien.

(2) Verhaling van enige betalings verskuldig aan die munsipaliteit sal ingevolge die munisipaliteit se Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid geskied.

~~17~~19. Rente op agterstallige rekeninge

Die munisipaliteit kan rente hef op agterstallige rekeninge ingevolge sy Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid.

~~18~~20. ~~Beginsels vir die h~~Herverkoop van elektrisiteit

(1) Tensy skriftelik deur die munisipaliteit gemagtig, mag niemand elektrisiteit wat aan sy of haar perseel voorsien word of deur hom of haar opgewek word, aan enige ander persoon verkoop of voorsien vir verbruik op ander persele nie, of toelaat of duld dat sodanige herverkoop of voorsiening plaasvind nie.

(2) As elektrisiteit vir gebruik op dieselfde perseel herverkoop word, geld die bepalings van die WER, soos in Skedule 2 van die WER bepaal.

~~(2)~~(3) As elektrisiteit vir verbruik op dieselfde perseel herverkoop word, moet die elektrisiteit gemeet word deur ʼn submeter van die soort wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde goedgekeur is en ooreenkomstig die munisipaliteit se standaarde voorsien, geïnstalleer en geprogrammeer is.

~~(3)~~(4) Die tariewe, belasting en heffings waarteen en die verkoopvoorwaardes ingevolge waarvan die elektrisiteit herverkoop word, ~~mag~~ sal nie minder gunstig vir die koper wees as dit wat betaalbaar en van toepassing sou wees indien die munisipaliteit elektrisiteit direk aan die koper sou voorsien nie.

~~(4)~~(5) Elke herverkoper moet aan die koper maandelikse state voorsien wat ten minste net soveel besonderhede bevat as die tersaaklike besonderhede oor rekeninginligting wat die munisipaliteit aan sy elektrisiteitverbruikers voorsien.

~~19~~21. Reg om die toevoer van elektrisiteit af te sluit

(1) Die munisipaliteit het die reg om die elektrisiteitstoevoer na enige perseel af te sluit—

(a) sonder kennnisgewing, waar—

(i) ernstige gevaar of risiko vir persoon of eiendom bestaan indien die toevoer nie afgesluit word nie; of

(ii) daar bewys bestaan dat met ŉ meter gepeuter is soos bedoel in artikel 24; of

(b) met redelike kennisgewing, waar

(i) ŉ verbruiker versuim om enige bedrag verskuldig aan die munisipaliteit te betaal ten opsigte van elektrisiteitsvoorsiening;

(ii) enige bepaling van hierdie verordening oortree is en die verbruiker versuim het om te voldoen aan die bepalings van ŉ kennisgewing van nakoming;

(iii) toegang tot die inspeksie van meettoerusting geweier is;

(iv) die meter akkommodasie voorsien deur die verbruiker nie beveilig is nie, nie voldoen aan veiligheidsregulasies nie en nie sluitbaar is nie; of

(v) die installasie of enige toestel in gebruik in of op ŉ perseel na die mening van die munisipaliteit defektief is en waarskynlik beserings of skade aan persoon of eiendom kan veroorsaak.

(2) In die geval van ŉ oortreding van artikel 18(1) van hierdie verordening, het die munisipaliteit die reg om die elektrisiteitstoevoer na die perseel vanwaar die elektrisiteit verkoop word te verminder en die onwettige aansluiting tussen persele te verwyder en te vernietig.

(3) Na afsluiting van elektrisiteitstoevoer weens wanbetaling of vir die onbehoorlike of onveilige gebruik van elektrisiteit sal die tariewe voorgeskryf vir heraansluiting betaalbaar wees.

(4) Waar enige installasie op ŉ perseel onwettig heraangesluit word nadat die munisipaliteit dit afgesluit het, of waar met die munisipaliteit se meettoerusting gepeuter is om die volle registrasie van verbruik te voorkom, het die munisipaliteit die reg om die elektrisiteitstoevoer na die perseel te verwyder.

~~20~~22. Nie-aanspreeklikheid van die munisipaliteit

(1) Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige regstreekse verlies of skade wat deur ŉ verbruiker gely of opgedoen word as gevolg van of voortspruitend uit die beëindiging en onderbreking van of enige ander afwyking van die toevoer van elektrisiteit nie, tensy dit deur nalatigheid aan die kant van die munisipaliteit veroorsaak is.

(2) Die verbruiker is verantwoordeklik vir die installering van toerusting op sy of haar perseel vir die beveiliging van installasies teen enige gevare, skade of faling as gevolg van kragonderbrekings, onder- of oorspannings, spanningstygings, flikkering, stuwings, dalings, enkelfassering, fase-onbalans, bofrekewensies, frekwensie afwykings, verlies van neutraal geleier, onvoldoende aarding en aardlekkasies.

(3) Die munisipaliteit is nie verantwoordelik vir enige insident, besering, verlies of skade, hetsy regstreeks of onregstreeks veroorsaak as gevolg beveiligingstoerusting wat nie geïnstalleer is nie of indien dit nie effektief funksioneer nie.

~~21~~23. Lekkasie van elektrisiteit

Geen korting sal toegestaan word ten opsigte van verlies van elektrisiteit wat te wyte is aan ŉ lekkasie of ŉ ander fout in die elektriese installasie nie.

~~22~~24. Onderbreking van toevoer

(1) Die munisipaliteit is nie verplig om aandag te skenk aan ŉ onderbreking in die toevoer van elektrisiteit as dit as gevolg van ŉ fout in die verbruiker se elektriese installasie is nie, behalwe

wanneer sodanige onderbreking te wyte is aan die werking van die munisipaliteit se diensbeveiligingstoestel.
(2) Indien enige onderbreking van die toevoer van elektrisiteit die gevolg is van ŉ fout in die verbruiker se elektriese installasie of van die foutiewe werking van die apparate wat in verband daarmee gebruik word, het die munisipaliteit die reg om die voorgeskrewe tarief van die verbuiker te verhaal vir elke geval van herstel van die toevoer van elektrisiteit, bykomend tot die koste van die regmaak of herstel van enige skade aan die dienshoofleiding en meter veroorsaak deur sodanige fout of foutiewe werking.

~~23~~25. Seëls van die munisipaliteit

Die meter, diensbeveiligingstoestelle en alle apparate wat aan die munisipaliteit behoort, word deur ŉ behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit verseël of gesluit en niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd sodanige seëls of slotte verwyder, breek, skend, daaraan peuter of hom of haar daarmee bemoei nie.

~~24~~26. Peuter met diensaansluiting of hoofleiding

(1) Niemand mag op enige wyse of om enige rede hoegenaamd met enige meter, meettoerusting of diensaansluiting of diensbeveiligingstoestel of hoofleiding van die munisipaliteit peuter of daarmee inmeng of sonder toestemming daarby aansluit nie.
(2) Waar prima facie-bewys bestaan dat ŉ verbruiker of iemand subartikel (1) oortree het, het die munisipaliteit die reg om die toevoer van elektrisiteit onmiddellik ingevolge artikel 19 te staak.
(3) Waar ŉ verbruiker of iemand subartikel (1) oortree en sodanige oortreding lei daartoe dat die meter minder verbruik as die regte verbruik registreer, het die munisipaliteit die reg om die volle koste van sy of haar geraamde verbruik van die verbruiker te verhaal asook die koste van skade veroorsaak en mag fooie hef vir peutering ingevolge goedgekeurde tariewe.

~~25~~27. Beveiliging van die munisipaliteit se hoofleiding

(1) Niemand mag, behalwe met die munisipaliteit se goedkeuring en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê is, —

- (a) enige konstruksie oprig of lê of die oprigting of lê van enige gebou, struktuur of ander voorwerp toelaat, of bome en ander plantegroei oor of in sodanige posisie of op sodanige manier plant dat dit sal inmeng met die hoofleiding of dit bedreig nie;
- (b) enige deel van die hoofleiding uitgrawe, oopmaak of die grond bo, langsaan, onder of naby dit verwyder nie;
- (c) enige deel van die hoofleiding beskadig, bedreig, verwyder of vernietig nie, of enige daad pleeg wat die hoofleiding sal beskadig, bedreig of enige deel daarvan vernietig nie; of
- (d) enige ongemagtigde aansluiting aan enige deel van die hoofleiding maak of elektrisiteit daarvandaan omlei of veroorsaak dat dit omlei word nie.

(2) ŉ Eienaar of okkupeerder moet die hoogte van die bome of die lengte van die takke wat uitsteek naby bogrondse lyne beperk om te verhoed dat die boom met die geleiers inmeng as die boom omval of ŉ tak breek of ŉ tak afgesny word.
(3) Indien ŉ eienaar of okkupeerder versuim om hierdie bepaling na te kom, het die munisipaliteit die reg, na skriftelike kennisgewing, of te eniger tyd in ŉ noodgeval, om die bome of ander plantegroei af te sny of te snoei op so ŉ wyse soos beoog in hierdie bepaling, en sal geregtig wees om die eiendom vir hierdie doel te betree.
(4) Die munisipaliteit mag, onderworpe aan die verkryging van ŉ hofbevel, enige gebou, struktuur of enige ander voorwerp wat strydig met hierdie verordening gebou, opgerig of gelê is, afbreek, verander of op enige ander wyse daarmee handel.

(5) Die munisipaliteit mag in ŉ noodgeval of ramp enigiets verwyder wat enige deel van die elektrisiteitsverspreidingstelsel beskadig, belemmer of bedreig of wat dit waarskynlik kan beskadig, belemmer, bedreig of vernietig.

~~26~~28. Voorkoming van peuter met die diensaansluiting of hoofleiding

Indien die munisipaliteit dit nodig of wenslik ag om voorsorgmaatreëls te tref om te verhoed dat daar aan enige deel van die hoofleiding, dienshoofleiding of diensbeveiligingstoestel of meter of meettoerusting gepeuter word, moet die verbruiker óf die nodige beveiligingstoerusting voorsien en installeer, óf die betrokke koste betaal waar sodanige beveiligingstoerusting deur die munisipaliteit voorsien word.

~~27~~29. Ongemagtigde aansluitings

~~Niemand behalwe ŉ persoon wat skriftelik deur die munisipaliteit daartoe gemagtig is mag regstreeks of onregstreeks enige elektriese installasie of deel daarvan by die hoofleiding of diensaansluiting aansluit, probeer aansluit of sodanige aansluiting veroorsaak of toelaat nie.~~

(1) Niemand, buiten ŉ persoon wat spesifiek skriftelik deur die munisipaliteit daartoe gemagtig is, mag direk of indirek, enige nuwe elektriese installasie of gedeelte daarvan by die hoofleiding of diensaansluiting, aansluit, probeer aansluit, of veroorsaak of toelaat dat dit aangesluit word nie.

(2) Waar ŉ elektriese installasie onwettig en in stryd met hierdie verordening, enige beleid of riglyn wat deur die munisipaliteit uitgevaardig is en/of die regulasies, op ŉ klant se perseel aangesluit is, mag die munisipaliteit die aansluiting van die elektriese installasie by die munisipale distribusienetwerk afsluit.

(3) Die munisipaliteit moet enige persoon waarna in subartikel (3) verwys word en enige persoon wat op die perseel woonagtig is, kennis gee van –

- (a) die voorneme om die elektriese installasie van sodanige persoon af te sluit;
- (b) die billike geleentheid wat aan sodanige persoon gebied word om voorleggings ten opsigte van die voorgenome afsluiting te doen; en
- (c) al die tersaaklike inligting, waaronder redes vir die voorgenome afsluiting en die kennisgewingtydperk ná afloop waarvan die afsluiting gedoen sal word.

(4) Vir omstandighede buiten dié wat in subartikel (5) genoem word, waar enige van die bepalings van hierdie verordening of die regulasies oortree word, sal die munisipaliteit aan die betrokke persoon veertien dae kennis gee om sy of haar versuim reg te stel, voor afsluiting.

(5) Die munisipaliteit mag die toevoer van elektrisiteit na enige perseel of die aansluiting van enige elektriese installasie onder die volgende omstandighede sonder enige kennisgewing afsluit:

- (a) waar dit ernstige risiko vir enige persoon of eiendom inhou; of
- (b) om redes van gemeenskapsveiligheid of die veiligheid van noodpersoneel.

(6) Ná die afsluiting soos in subartikel (5) bedoel, sal die voorgeskrewe fooi van die munisipaliteit vir sodanige afsluiting of die heraansluiting van die diens, deur die betrokke persoon betaal word.

(7) Waar ŉ installasie reeds onwettig op ŉ klant se perseel heraangesluit is, nadat dit voorheen wettig deur die munisipaliteit afgesluit is, of in enige geval waar daar met die munisipaliteit se elektriese toerusting gepeuter is om die volle registrasie van verbruik deur die meter te voorkom, kan die elektrisiteitstoevoer fisies van sodanige perseel verwyder word.

~~28~~30. Ongemagtigde heraansluitings

(1) Niemand behalwe ŉ persoon wat skriftelik deur die munisipaliteit daartoe gemagtig is, mag enige elektriese installasie of installasies wat deur die munisipaliteit afgesluit is, by die hoofleiding

of diensaansluiting heraansluit, probeer heraansluit of sodanige heraansluiting veroorsaak of toelaat nie.
(2) Waar die toevoer van elektrisiteit wat voorheen deur die munisipaliteit afgesluit is, weer aangesluit is, is die verbruiker wat die toevoer van elektrisiteit verbruik, aanspreeklik vir alle koste van die elektrisiteitsverbruik vanaf die datum van afsluiting tot die datum waarop gevind is dat die toevoer heraangesluit is, en ook vir enige ander koste wat in dié verband aangegaan is.
(3) Die munisipaliteit behou die reg om enige deel van of al die aansluitingstoerusting te verwyder tot tyd en wyl volle betaling ontvang is en die verbruiker is benewens dit ook verantwoordelik vir die koste wat met die herstel van sodanige aansluitingstoerusting gepaardgaan.

~~29~~31. Tydelike afsluiting en heraansluiting
(1) Die munisipaliteit moet op versoek van ŉ verbruiker die toevoer van elektrisiteit na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en dit heraansluit teen betaling van die voorgeskrewe tarief vir elke afsluiting en heraansluiting.
(2) Die munisipaliteit mag slegs onder buitengewone omstandighede die toevoer van elektrisiteit na enige perseel sonder kennisgewing tydelik afsluit ten einde herstelwerk te doen of toetse uit te voer of vir enige ander regmatige doel.

~~30~~32. Tydelike voorsiening van elektrisiteit
Indien daar gevind word dat elektrisiteitstoevoer inbreuk maak op die doeltreffende en ekonomiese toevoer na ander verbruikers, is die munisipaliteit geregtig om met kennisgewing, of in buitengewone omstandighede sonder kennisgewing, sodanige tydelike toevoer te eniger tyd te beëindig en die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of verlies wat die verbruiker as gevolg van sodanige beëindiging mag ly nie.

~~31~~33. Tydelike werk
(1) Elektriese installasies wat ŉ tydelike toevoer van elektrisiteit benodig, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die munisipaliteit regstreeks of onregstreeks by die hoofleiding aangesluit word nie.
(2) Volledige inligting oor die redes vir die aard van sodanige tydelike werk moet die aansoek om die bogemelde toestemming vergesel en die munisipaliteit mag sodanige toestemming weier of toestaan.

~~32~~34. Lasvermindering
(1) Gedurende tye van spitslas, of in ŉ noodgeval, of wanneer dit om enige rede nodig is om die las op die munisipaliteit se elektrisiteitsvoorsieningstelsel te verminder, kan die munisipaliteit die toevoer sonder kennisgewing onderbreek vir sodanige tydperk as wat nodig is en die toevoer van elektrisiteit na enige verbruiker se warmwatersilinder wat deur elektrisiteit verwarm word of na enige spesifieke toestel of die hele installasie beëindig.
(2) Behalwe gedurende tye van spitslas of in noodgevalle, sal die munisipaliteit waar prakties moontlik nie die elektrisiteitstoevoer na ŉ verbruiker verbreek sonder redelike kennisgewing nie.
(3) Die munisipaliteit kan sodanige apparaat en toerusting op die perseel van die verbruiker installeer as wat nodig geag word om gevolg te gee aan die bepalings van subartikel (1), en enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit kan op enige redelike tyd en onderhewig aan artikel 12(7) enige perseel betree met die doel om sodanige apparaat en toerusting te installeer, te inspekteer, te toets, te verstel of te verander.
(4) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (3) moet die verbruiker of eienaar, na gelang van die geval, wanneer hy of sy ŉ watersilinder installeer wat deur elektrisiteit verwarm word, die

nodige akkommodasie en bedrading ooreenkomstig die munisipaliteit se keuse voorsien ten einde die installasie van die apparaat en toerusting later te vergemaklik.

~~33~~35. Hoë-, medium- en laagspanningskakeltuig en toerusting

(1) In die geval van hoë-, medium- of laagspannings elektrisiteitsvoorsiening moet die verbruiker betaal vir die voorsiening en installasie van die skakeltuig, kabels en toerusting wat deel van die diensaansluiting uitmaak, tensy dit andersins deur die munisipaliteit bepaal word.

(2) Alle toerusting wat op die verbruiker se perseel geïnstalleer word, moet voldoen aan die munisipaliteit se spesifikasies en standaarde.

(3) Niemand mag hoë- of mediumspanningskakeltuig of toerusting oopmaak, toemaak, isoleer, koppel of aard sonder om vooraf redelike kennis aan die munisipaliteit te gee nie.

(4) In die geval van installering van ŉ hoë- of mediumspanningaansluitings moet die munisipaliteit ingelig word aangaande die bevoegde persoon wat die verbruiker ingevolge die Regulasies aanstel, en van enige verandering van sodanige aanstelling.

(5) In die geval van laagspanningsaansluitings moet die verbruiker ŉ laagspanningshoofskakelaar of enige ander toerusting vereis deur die munisipaliteit, voorsien en installeer.

~~34~~36. Substasie-akkommodasie

(1) Die munisipaliteit mag van ŉ verbruiker vereis om akkommodasie te voorsien en in stand te hou bestaande uit ŉ substasie met ŉ afsonderlike kamer of kamers uitsluitlik vir die doel om mediumspanningkabels en skakeltuig, transformators, laagspanningkabels en skakeltuig en ander toerusting noodsaaklik vir die voorsiening van elektrisiteit versoek deur die eienaar, te akkommodeer.

(2) Die akkommodasie moet geleë wees by ŉ punt met vrye en onbeperkte toegang vir die doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die toerusting verband hou.

(3) Die munisipaliteit behou die reg voor om sy eie netwerke te voorsien met sy eie toerusting wat in sodanige akkommodasie geïnstalleer is, en indien die munisipaliteit bykomende akkommodasie verlang, moet sodanige akkommodasie deur die munisipaliteit voorsien word.

~~35~~37. Bedradingsdiagram en spesifikasie

(1) Waar meer as een elektriese installasie of toevoer van elektrisiteit van ŉ gemeenskaplike hoofleiding verkry word, of meer as een verdeelbord of meter nodig is vir enige gebou of blok geboue, moet die bedradingdiagram asook ŉ spesifikasie van die stroombane wat by die hoofskakelaar begin op versoek aan die munisipaliteit voorsien word vir goedkeuring voordat daar met installering begin word.

(2) Waar ŉ elektriese installasie voorsien word vanaf ŉ substasie wat vanaf hoogspanning transformeer, of vanaf een van die munisipaliteit se substasies deur ŉ hoofleiding afsonderlik van die algemene verspreidingstelsel, moet, indien dit vereis word, ŉ volledige spesifikasie en tekeninge van die aanleg wat deur die verbruiker geïnstalleer word, aan die munisipaliteit vir goedkeuring voorgelê word voordat enige tersaaklike benodigdhede bestel word.

~~36~~38. Bystandstoevoer

(1) Bystandstoevoer vir enige perseel met ŉ afsonderlike bron van toevoer van elektrisiteit mag slegs met skriftelike toestemming van die munisipaliteit voorsien word.

(2) Wanneer die elektrisiteitstoevoer onderbreek word, kan die munisipaliteit bystandstoevoer, soos nodig, op enige wyse voorsien.

~~37~~39. Verbruiker se toerusting vir noodbystandstoevoer en opwekking

(1) Geen toerusting wat deur ŉ verbruiker vir noodbystandstoevoer of opwekking ingevolge enige Regulasies of vir sy of haar eie bedryfsvereistes voorsien is, mag by enige installasie aangesluit word sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie.
(2) ŉ Aansoek om sodanige goedkeuring moet skriftelik gerig word en moet ŉ volledige spesifikasie van die toerusting en ŉ bedradingsdiagram bevat.
(3) Die bystandstoerusting en toerusting vir opwekking moet so ontwerp en geïnstalleer word dat dit onmoontlik is vir die munisipaliteit se hoofleiding om vanaf die terugvoer van sodanige toerusting bekragtig te word.
(4) Waar ŉ verbruiker se bystandstoerusting of toerusting vir opwekking ingevolge ŉ spesiale ooreenkoms elektries gekoppel word en parallel bedryf word met die munisipaliteit se hoofleiding, is die verbruiker verantwoordelik om die vereiste sinchroniserings- en beveiligingstoerusting te voorsien en te installeer.
(5) Enige oordrag van surplus energie vanaf die verbruiker se netwerk na die netwerk van die munisipaliteit, in normale operasionele omstandigehede, sal onderhewig wees aan ŉ spesiale ooreenkoms.
(6) In die geval van ŉ algemene kragonderbreking in die munisipaliteit se netwerk moet ŉ verbruiker beskermingsapparaat soos goedgekeur deur die munisipaliteit installeer om sy of haar installasie van dié van die munisipaliteit te isoleer totdat die normale operasionele toestand herstel is.
(7) Die koste van enige gespesialiseerde meettoerusting sal deur die verbruiker gedra word.
(8) Opwekkingstoerusting moet voldoen aan die toepaslike SANS regulasies asook munisipale spesifikasies.

~~38~~40. Omsendbriewe

Die munisipaliteit kan omsendbriewe uitstuur waarin besonderhede voorsien word oor die munisipaliteit se vereistes met betrekking tot sake wat nie spesifiek in die Regulasies of in hierdie verordening bepaal word nie, maar wat nodig is vir die veilige en doeltreffende bedryf en bestuur van elektrisiteitsvoorsiening.

HOOFSTUK 2
VERBRUIKERS SE VERANTWOORDELIKHEDE

~~39~~41. Verbruiker moet elektriese installasie oprig en in stand hou

Enige elektriese installasie wat by die hoofleiding aangesluit is of aangesluit gaan word, en enige byvoegings daartoe, moet deur die verbruiker op eie koste voorsien, opgerig en in stand gehou word ooreenkomstig die bepalings van hierdie verordening en die Regulasies.

~~40~~42. Fout in elektriese installasie

(1) Indien daar enige fout in ŉ elektriese installasie ontstaan wat ŉ gevaar vir mense, diere of eiendom inhou, moet die verbruiker onmiddellik die elektrisiteitstoevoer afsluit en onverwyld die munisipaliteit daarvan in kennis stel en onmiddellik stappe doen om die fout reg te stel.
(2) Die munisipaliteit kan die verbruiker aanspreeklik hou vir enige uitgawes wat ontstaan as gevolg van ŉ fout in die elektriese installasie.

~~41~~43. Beëindiging van die verbruik van die toevoer van elektrisiteit

Wanneer ŉ verbruiker die verbruik van die toevoer van elektrisiteit wil beëindig, moet hy of sy ten minste twee volle werksdae skriftelike kennis aan die munisipaliteit gee.

~~42~~44. Verandering van okkupeerder

(1) ŉ Verbruiker wat enige perseel ontruim, moet die munisipaliteit minstens twee volle werksdae skriftelike kennis gee van sy of haar voorneme om die verbruik van die toevoer van elektrisiteit te beëindig, by gebreke waarvan hy of sy aanspreeklik bly vir sodanige toevoer.
(2) ŉ Persoon wat die ontruimde perseel oorneem moet ingevolge die bepalings van artikel 3 van hierdie verordening aansoek doen, en indien hy of sy versuim om binne tien werksdae na okkupasie aansoek te doen vir ŉ aansluiting, word die toevoer afgesluit, en is hy of sy aanspreeklik vir die verbruik vanaf die datum van okkupasie tot en met afsluiting.
(3) Waar daar voorafbetaalde meters op persele geïnstalleer word, word iemand wat op daardie tydstip die perseel okkupeer, geag ŉ verbruiker te wees en tot tyd en wyl sodanige persoon aansoek doen ingevolge artikel 3 van hierdie verordening is hy of sy aanspreeklik vir alle bedrae aan die munisipaliteit verskuldig vir daardie meetpunt asook vir enige uitstaande bedrae ongeag deur wie die skuld opgeloop is.
(4) Die munisipaliteit mag voorwaardes oplê, insluitend die reg om eletrisiteitsvoorsiening te weerhou, waar die vorige verbruiker se rekening agterstallig is.
(5) In die geval van verandering van eiendomsreg moet ŉ nuwe sertifikaat van voldoening deur ŉ geakkrediteerde elektrisiën uitgereik word, behalwe waar die bestaande sertifikaat binne die voorafgaande 24 maande uitgereik is en geen veranderinge daarna aan die installasie aangebring is nie.

~~43~~45. Diensapparaat

(1) Die verbruiker is aanspreeklik vir koste voortspruitend uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, diensbeveiligingstoestel, diensaansluiting of ander apparaat op die perseel, tensy sodanige skade of verlies veroorsaak is deur ŉ natuurramp of ŉ handeling of versuim deur ŉ werknemer van die munisipaliteit of deur ŉ afwyking van die toevoer van elektrisiteit na die perseel.
(2) Indien die hoofleiding, die dienshoofleiding, meettoerusting of enige ander diensapparaat van die munisipaliteit gedurende ŉ tydperk waarin die installasie van die hoofleiding afgesluit was sonder die munisipaliteit se toestemming verwyder is, of in so ŉ mate beskadig is dat heraansluiting gevaarlik is, sal die eienaar of okkupeerder van die perseel aanspreeklik wees vir die herstel of vervanging van sodanige toerusting.
(3) Waar daar ŉ gemeenskaplike meetposisie is, berus die aanspreeklikheid ingevolge subartikel (1) by die eienaar van die perseel.
(4) Die bedrag verskuldig ingevolge subartikel (1) word bewys deur ŉ sertifikaat van die munisipaliteit wat finaal en bindend is.

HOOFSTUK 3
SPESIFIEKE VOORSIENINGSVOORWAARDES

~~44~~46. Diensaansluiting

(1) Die verbruiker dra die koste van die diensaansluiting soos deur die munisipaliteit goedgekeur.
(2) Nieteenstaande die feit dat die verbruiker die koste dra van die diensaansluiting wat deur die munisipaliteit gelê of opgerig word, berus die eienaarskap daarvan by die munisipaliteit wat verantwoordelik is vir die instandhouding van sodanige diensaansluiting tot by die voorsieningspunt.
(3) Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die munisipaliteit ten opsigte van sodanige diensaansluiting nie.
(4) Met betrekking tot onderhoud en verantwoordelikheid vir veiligheid van die diensaansluiting, word die voorsieningspunt beskou as—

(a) die punt waar die ondergrondse of bogrondse diensaansluiting fisies die grens van die verbruiker se eiendom kruis; of

(b) by die aansluiting aan die munisipale verspreidingsinfrastruktuur, indien dit binne die verbruiker se perseel geïnstalleer is.

(5) Die werk wat deur die munisipaliteit op die verbruiker se koste gedoen word ten opsigte van ŉ diensaansluiting op die verbruiker se perseel, word deur die munisipaliteit bepaal.

(6) ŉ Diensaansluiting word ondergronds gelê ongeag of die hoofleiding ondergronds gelê of bogronds opgerig word tensy ŉ bogrondse diensaansluiting spesifiek deur die munisipaliteit vereis word.

(7) Die verbruiker moet op sy of haar perseel sodanige leibane, bedradingskanale, vore, hegstukke en vry ruimte vir die bogrondse hoofleiding voorsien, vassit of in stand hou soos wat deur die munisipaliteit vir die installasie van die diensaansluiting vereis word.

(8) Die geleier wat vir die diensaansluiting gebruik word, moet ŉ deursneeoppervlakte ooreenkomstig die grootte van die elektriese toevoer hê, maar mag nie minder as 10 mm^2 (koper of koperekwivalent) wees nie, en al die geleiers moet dieselfde deursnee oppervlakte hê tensy andersins deur die munisipaliteit goedgekeur.

(9) Tensy andersins goedgekeur, voorsien die munisipaliteit slegs een diensaansluiting na elke geregistreerde erf en vir twee of meer erwe wat aan een eienaar behoort en op aangrensende erwe geleë is, mag ŉ enkele grootmaattoevoer van elektrisiteit voorsien word op voorwaarde dat die erwe gekonsolideer of notarieel verbind word.

(10) Bedekking op ŉ bedradingskanaal wat die toevoerstroombane van die voorsieningspunt na die meettoerusting dra, moet voorsiening maak vir verseëling deur die munisipaliteit.

(11) Binne ŉ meterkas moet die diensgeleier of kabel, na gelang van die geval, in ŉ opsigtelike posisie eindig, en die hele lengte van die geleiers moet sigbaar wees as die dekplate, indien dit aanwesig is, verwyder word.

(12) In die geval van blokke geboue wat deur ŉ aantal individuele verbruikers geokkupeer word, moet afsonderlike bedradingskanale en geleiers of kabels van die gemeenskaplike meetkamer of kamers na elke individuele verbruiker in die blokke geboue geïnstalleer word; alternatiewelik, indien hoofleibane gebruik word, moet die geleiers van individuele stroombane duidelik (elke 1,5 m saamgebind) vir die hele lengte aangedui word.

~~45~~47. Meterakkommodasie

(1) ŉ Verbruiker moet, indien so vereis deur die munisipaliteit, akkommodasie op ŉ goedgekeurde plek vir die meterbord, en voldoende geleiers vir die munisipaliteit se meettoerusting, diensapparaat en beveiligingstoestelle voorsien.

(2) Sodanige akkommodasie moet deur die verbruiker voorsien en in stand gehou word en moet in die geval van kredietmeters op ŉ plek geleë wees waartoe onbelemmerde toegang vir die lees van meters is en vir doeleindes wat verband hou met die bedryf en instandhouding van die dienstoerusting.

(3) Meterakkommodasie moet beveilig word en van sluitbare meganismes voorsien word en moet aan veiligheidsregulasies voldoen.

(4) Toegang vir die inspeksie van voorafbetaalde meters moet ten alle redelike tye verleen word.

(5) Waar sub-meettoerusting geïnstalleer word, moet akkommodasie afsonderlik van die munisipaliteit se meettoerusting voorsien word.

(6) Die verbruiker of, in die geval van ŉ algemene meter, die eienaar van die perseel, moet voldoende elektriese verligting voorsien in die ruimte waar die meettoerusting en diensapparaat geakkommodeer word.

(7) Wanneer die ligging van die meter, diensaansluiting of beveiligingstoestelle of hoofverspreidingpaneel nie maklik bereikbaar is nie, of ŉ bron van gevaar vir lewe of eiendom is of op enige wyse onvanpas is, moet die verbruiker dit op eie koste na ŉ nuwe posisie verskuif.
(8) Die akkommodasie vir die munisipaliteit se meettoerusting en beveiligingstoestelle kan, indien goedgekeur, die verbruiker se hoofskakelaar en hoofbeveiligingstoestelle insluit; geen apparaat behalwe dit wat in verband met die toevoer en verbruik van elektrisiteit gebruik word nie mag sonder goedkeuring in sodanige akkommodasie geïnstalleer of geberg word nie.

HOOFSTUK 4
TOEVOERSTELSELS

~~46~~48. Lasvereistes
Wisselstroomtoevoer word ingevolge die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987) voorsien en as daar nie ŉ ooreenkoms oor gehaltetoevoer aangegaan is nie, ooreenkomstig ŉ toepaslike standaardspesifikasie.

~~47~~49. Lasbeperkings
(1) Waar die geraamde las, bereken ingevolge die veiligheidstandaard, nie 15 kVA oorskry nie, moet die elektriese installasie ingerig word vir ŉ dubbelgeleier enkelfase toevoer van elektrisiteit, tensy dit andersins deur die munisipaliteit goedgekeur word.
(2) Waar ŉ driefase viergeleier toevoer van elektrisiteit voorsien word, moet die las min of meer gebalanseer word oor die drie fases, maar die maksimum ongebalanseerde las mag nie 15 kVA oorskry nie, tensy dit deur die munisipaliteit goedgekeur word.
(3) Geen toestel wat ŉ stroom verbruik, inherent enkelfasig van aard is en ŉ aanslag het wat 15 kVA oorskry, mag by die elektriese installasie aangesluit word sonder goedkeuring van die munisipaliteit nie.

4850. Steuring van ander verbruikers se elektriese toerusting
(1) Niemand mag elektriese toerusting bedryf wat laseienskappe het wat individueel of gesamentlik tot spanningvariasie, bo-frekwensiestrome of spannings, of ongebalanseerde fasestrome wat buite die toepaslike standaardspesifikasies val, veroorsaak nie.
(2) Die evaluering van die steuring van ander verbruikers se elektriese toerusting word deur middel van metings by die algemene koppelpunt gedoen.
(3) Indien onbehoorlike afwykings wel plaasvind, moet die verbruiker op sy of haar eie koste die nodige toerusting installeer om die afwykings te filtreer en te verhoed dat dit die hoofleiding bereik.

~~49~~51. Toevoer na motors
Tensy anders goedgekeur deur die munisipaliteit word die aangeslane vermoë van motors soos volg beperk:
(1) Beperkte grootte van laagspanningmotors
Die aangeslane vermoë van ŉ laagspanning enkelfase motor word tot 2kW beperk of die aanskakelstroom mag nie 70 A oorskry nie. Alle motors wat hierdie perke oorskry, moet geskik wees vir drie fase werking teen laagspanning of sodanige hoër spanning as wat vereis word.
(2) Maksimum aanskakel- en versnelstrome van driefase wisselstroommotors-

Grootte van geïsoleerde dienskabel (koperekwivalent)	Maksimum toelaatbare aanskakelstroom	Maksimum motoraanslag in kW		
		Direk op die lyn (6 x volle lasstroom)	Ster/Delta (2,5 x volle lasstroom)	Ander beheerstelsels (1,5 x volle lasstroom)
mm²		**kW**	**kW**	**kW**
16	72	6	13,5	23
25	95	7,5	18	30
35	115	9	22	36,5
50	135	10	25	45
70	165	13	31	55
95	200	16	38	67
120	230	18	46	77
150	260	20	52	87

Die aanskakelstrome van driefase laagspanningmotors wat toegelaat word, hou soos hierbo uiteengesit met die kapasiteit van die verbruiker se diensaansluiting verband:
(3) Verbruikers met mediumspanningaansluitings-
Die aanskakelstroom van ŉ mediumspanningmotor word tot 1,5 keer die aangeslane vollasstroom van die transformator wat sodanige motor voorsien, beperk. Die beheerstelsel van mediumspanningmotors moet deur die munisipaliteit goedgekeur word.

~~50~~52. Arbeidsfaktor
(1) Indien vereis deur die munisipaliteit, moet die arbeidsfaktor van enige las binne die perke van 0,85 nalopend en 0,9 voorlopend gehandhaaf word.
(2) Waar dit ingevolge subartikel (1) vereis word om toerusting vir arbeidsfaktorverbetering te installeer, moet sodanige toerusting by die aansluitingpunt gekoppel word, tensy die verbetering van die arbeidsfaktor outomaties beheer word.
(3) Die toerusting vir die verbetering van die arbeidsfaktor is vir die koste van die verbruiker.

~~51~~53. Beveiliging
(1) Elektriese beveiligingstoestelle moet so ontwerp word dat dit op ŉ doeltreffende wyse volgehoue oorstroom en enkelfasewerking voorkom waar toepaslik.
(2) Om veiligheid te verseker en om skade aan toerusting te voorkom sal verbruikers verantwoordelik wees om toepaslike aardstelsels te vestig en in stand te hou om spanningsafwykings op die neutrale geleier te beperk in die geval van verlies van die toevoer neutraalgeleier, ongekoppelde neutraalgeleier of tydens kortsluitings.

HOOFSTUK 5
ELEKTRISITEITSMETING

~~52~~54. Meet van toevoer
(1) ~~Ten einde die verbruik van elektrisiteit te meet, moet die munisipaliteit op koste van die verbruiker meettoerusting met toepaslike vermoë by die meetpunt voorsien en in stand hou~~. Die

munisipaliteit sal, op die klant se koste en in die vorm van ŉ direkte heffing of voorgeskrewe tarief, meettoerusting by die meetpunt vir die meet van die elektrisiteit voorsien, installeer en in stand hou.

(2) Behalwe in die geval van voorafbetaalde meters, word die elektrisiteit wat ŉ verbruiker in enige meettydperk verbruik, bepaal deur die meters aan die einde van sodanige tydperk te lees, behalwe waar daar ŉ fout in die meettoerusting is of die munisipaliteit hom beroep op die bepalings van artikel ~~54~~56(2) in welke geval die verbruik vir die tydperk geskat word.

(3) Waar verskillende tariewe gehef word vir die elektrisiteit wat deur ŉ verbruiker verbruik word, word die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet.

(4) Die munisipaliteit behou die reg om die toevoer van elektrisiteit aan blokke winkels en woonstelle, skakelhuise en soortgelyke geboue te meet vir die geboue as ŉ geheel, of vir individuele eenhede, of vir groepe eenhede.

(5) Geen veranderings, herstelwerk of toevoegings of elektriese verbindings van enige aard mag aan die voorsieningskant van die meetpunt aangebring word nie, tensy dit skriftelik deur die munisipaliteit gemagtig is nie.

~~53~~55. Akkuraatheid van meting

(1) Dit word aanvaar dat ŉ meter akkuraat registreer indien daar by die toetsing daarvan ingevolge subartikel (5) bevind word dat die fout binne die foutgrens is ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies.

(2) Die munisipaliteit het die reg om sy meettoerusting te toets. Indien daar by wyse van ŉ toets of andersins vasgestel word dat sodanige meettoerusting foutief is, moet die munisipaliteit ingevolge die bepalings van subartikel (6) –

(a) in die geval van ŉ kredietmeter, die rekening wat gelewer is aanpas;

(b) in die geval van voorafbetaalde meters—

(i) ŉ rekening lewer as die meter te min geregistreer het, of

(ii) ŉ gratis bewys uitreik indien die meter te veel geregistreer het.

(3) Die verbruiker is daarop geregtig om teen betaling van die voorgeskrewe tarief die meettoerusting deur die munisipaliteit te laat toets. Indien daar bevind word dat die meettoerusting nie voldoen aan die vereistes vir stelselakkuraatheid ooreenkomstig die toepaslike standaardspesifikasies nie, word ŉ aanpassing ingevolge die bepalings van die munisipaliteit se Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid gedoen.

(4) In geval van ŉ geskil het die verbruiker die reg om op eie koste die meettoerusting deur ŉ onafhanklike toetsowerheid te laat toets, en die resultaat van sodanige toets is afdoende bewys en bindend op albei partye.

(5) Meters word getoets op die wyse soos deur die toepaslike standaardspesifikasie bepaal.

(6) Wanneer die elektrisiteitsverbruik soos geregistreer op ŉ meter ingevolge subartikel (2) of (3) aangepas word, word sodanige aanpassing óf gegrond op die meter se persentasiefout bepaal deur die toets ingevolge subartikel (5), óf op ŉ berekening deur die munisipaliteit gegrond op verbruiksdata in sy besit. Waar van toepassing, moet rekening gehou met seisoenale of ander veranderinge wat die verbruik van elektrisiteit kan beïnvloed.

(7) Enige aanpassings ingevolge subartikel (6) word gemaak ten opsigte van ŉ tydperk wat nie ses maande voor die datum waarop bevind is dat die meettoerusting onakkuraat is, mag oorskry nie.

(8) Waar ŉ verbruiker se werklike las in so ŉ mate van die aanvanklik geraamde las ingevolge subartikel ~~47~~49(1) verskil dat die munisipaliteit dit nodig ag om sy meettoerusting te verander of te vervang ten einde by die las aan te pas, dra die verbruiker die koste van sodanige verandering of vervanging.

(9) Voordat die munisipaliteit enige opwaartse aanpassing aan enige rekening ingevolge subartikel (6) maak, moet die munisipaliteit –

(a) die verbruiker skriftelik in kennis stel van die geldelike waarde van die aanpassing wat gemaak gaan word en die redes daarvoor;

(b) in sodanige kennisgewing voldoende besonderhede voorsien sodat die verbruiker vertoë op grond daarvan kan rig, en

(c) die verbruiker in sodanige kennisgewing versoek om redes, indien enige, skriftelik binne 21 dae of sodanige langer tydperk as wat die munisipaliteit mag toelaat, te voorsien waarom sy of haar rekening nie aangepas moet word ooreenkomstig die kennisgewing nie.

(10) Indien die verbruiker versuim om gedurende die tydperk beoog in subartikel 9(c) enige vertoë te rig, het die munisipaliteit die reg om die rekening aan te pas volgens die kennisgewing ingevolge subartikel 9(a).

(11) Die munisipaliteit oorweeg enige redes voorsien deur die verbruiker ingevolge subartikel (9)(c) en pas die rekening op ŉ gepaste wyse aan indien nodig.

(12) Indien die vertoë deur die verbruiker verwerp word, het die munisipaliteit die reg om die rekening ooreenkomstig ŉ kennisgewing ingevolge subartikel 9(a) aan te pas, onderworpe aan die verbruiker se reg van appèl teen die besluit ingevolge artikel ~~62~~64 van hierdie verordening.

~~54~~56. Lees van kredietmeters

(4) Tensy anders voorgeskryf, word kredietmeters gewoonlik met tussenposes van een maand gelees, en die vaste of minimum koste verskuldig ingevolge die tariefstruktuur word dienooreenkomstig bepaal. Die munisipaliteit is nie verplig om enige aanpassings aan sodanige koste te maak nie.

(5) Indien die kredietmeter om die een of ander rede nie gelees kan word, kan die munisipaliteit ŉ geraamde rekening lewer ingevolge sy Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid.

(6) Wanneer ŉ verbruiker ŉ eiendom ontruim en ŉ finale lesing van die meter is onmoontlik, kan ŉ geraamde verbruik bepaal word en die finale rekening dienooreenkomstig gelewer word.

(7) Indien ŉ verbruiker ŉ spesiale meterlesing verlang, kan dit teen betaling van die voorgeskrewe tarief gedoen word.

(8) Indien enige berekeningsfout, fout met die lees van die meter of meetfout ontdek word ten opsigte van enige rekening wat aan ŉ verbruiker gelewer is, moet die fout in daaropvolgende rekeninge reggestel word.

(9) Enige sodanige regstelling is slegs van toepassing op rekeninge vir ŉ tydperk van 6 maande voor die datum waarop die fout in die rekeninge ontdek is, en is gegrond op die werklike tariewe van toepassing gedurende die tydperk.

(10) Die toepassing van hierdie artikel verhoed nie ŉ verbruiker om oorbetaling terug te eis vir enige langer tydperk nie.

~~55~~57. Voorafbetaalde meter

(1) Geen terugbetaling van die bedrag wat vir die aankoop van elektrisiteitkrediet aangebied is, sal by die verkooppunt gedoen word nadat die proses waardeur die voorafbetaalde meterbewys uitgereik word, reeds begin het nie.

(2) Afskrifte van die bewyse wat vroeër vir die oorplasing van krediet na die voorafbetaalde meter uitgereik is, kan op versoek van die verbruiker beskikbaar gestel word.

(3) Wanneer ŉ verbruiker enige perseel ontruim waar ŉ voorafbetaalde meter geïnstalleer is, betaal die munisipaliteit geen krediet wat in die meter oorbly, aan die verbruiker terug nie.

(4) Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herstel van krediet wat in ŉ voorafbetaalde meter verlore gegaan het omdat daar met die voorafbetaalde meter of bewyse gepeuter is nie, of omdat dit verkeerd gebruik of misbruik is of deur faling van die meters of bewyse nie.
(5) Die munisipaliteit kan na goeddunke verkopers vir die verkoop van bewyse vir voorafbetaalde meters aanstel en waarborg nie die voortgesette bedryf deur enige verkoper nie.

HOOFSTUK 6
ELEKTRIESE KONTRAKTEURS

~~56~~58. Elektriese Kontrakteurs

Benewens die vereistes van die Regulasies is die volgende vereistes van toepassing:

(a) waar daar vir nuwe of verhoogde aansluitings van elektrisiteit by die munisipaliteit aansoek gedoen word, kan enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die munisipaliteit kennisgewing aanvaar van die voltooiing van enige deel van die elektriese installasie waarvan die stroombaan ontwerp toelaat dat die elektriese installasie in duidelik afgebakende afsonderlike gedeeltes verdeel word, en sodanige gedeelte van die elektriese installasie kan geïnspekteer, getoets en by die hoofleiding aangesluit word asof dit ŉ volledige installasie is.

(b) die ondersoek, toets en inspeksie onthef geensins die elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon of die verbruiker van sy of haar verantwoordelikheid vir enige gebreke in die installasie nie.

(c) sodanige ondersoek, toets en inspeksie mag nie (selfs waar die elektriese installasie aan die hoofleiding verbind is) beskou word as ŉ aanduiding of waarborg dat die elektriese installasiewerk korrek volgens spesifikasies en veiligheidstandaarde voltooi is nie, en die munisipaliteit kan nie aanspreeklik gehou word vir enige gebreke of foute in sodanige elektriese installasie nie.

~~57~~59. Aanspreeklikheid

Die munisipaliteit kan nie aanspreeklik gehou word vir die werk wat deur ŉ elektriese kontrakteur of geakkrediteerde persoon op die perseel van die verbruiker verrig word nie en kan nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade te wyte aan ŉ brand of enige ongeluk voortspruitend uit die toestand van die bedrading op die perseel nie.

HOOFSTUK 7
KOSTE VAN WERK

~~58~~60. Koste van Werk

Die munisipaliteit mag enige skade wat voortspruit uit ŉ oortreding van hierdie verordening, herstel of vergoed en die koste daarvan verhaal van die persoon wat strydig met hierdie verordening opgetree het.

HOOFSTUK 8
ENERGIEBESPARINGSMAATREËLS EN VERMINDERDE GEBRUIK VAN ELEKTRISITEIT

~~59~~61. Norme, standaarde en riglyne

(1) Die munisipaliteit kan van tyd tot tyd tegniese standaarde uitreik wat die munisipale vereistes rakende sake wat nie spesifiek deur hierdie verordening gedek word nie, maar wat nodig

is vir die veilige, doeltreffende bedryf en bestuur van die elektriese opwekkingingstoerusting, uiteensit.

